



Ons Sien God se werke

Rondom ons is daar soveel om te sien! Daar is soveel om te leer! Weet jy *hoe* ons leer?

Ons leer deur te sien en te hoor.

Kan ons op so 'n manier ook oor *God* leer? Ons kan Hom nie *sien* nie. Ons kan nie hoor dat Hy met ons praat nie. Hoe kan ons dan van Hom *leer*? Hoe kan ons Hom leer *ken*?

Ons ken Hom deur die dinge wat Hy gemaak het.

Het jy al ooit in die donker na die sterre gekyk, wat so helder skyn?

Kyk jy soms rondom jou, na die aarde, so groot en wyd? En daar is so baie wonderlike dinge op die aarde – donsige diere, vlieënde voëls, blare en blomme en klein goggatjies. Daar is groot, wye oseane van water, met duisende groot visse en klein vissies.

Wie het dit alles gemaak?

Wie sorg vir dit alles?

Iemand moes dit alles gemaak het. Daardie iemand is *God*.

Partykeer hoor ons die donderweer rammel en

ons sien die weerlig blits. Ek en jy kan nie donderweer en weerlig maak nie. Ons kan nie wolke en reën maak nie. Ons kan nie die wind laat waai en ook nie die wind laat *ophou* waai nie. Al hierdie dinge wat ons nie kan doen nie, vertel ons dat daar 'n groot GOD is. Hy maak die weerlig en die donderweer. Hy maak die wind en die reën en die pragtige doudruppels.

Partykeer kan ons 'n klein voëltjie hoor sing. Ons kan nie vir daardie klein voëltjie 'n liedjie gee om te sing nie. Ons kan hom nie leer hoe om sy nessesie te bou nie. As ons 'n klein voëltjie sien vlieg en hom hoor sing, dan weet ons dat daar 'n groot *God* is wat die voëls gemaak het.

Blomme is baie mooi. Hulle het pragtige blomblaartjies. Daar is baie verskillende soorte blomme – rooies en geles en pienkes. Party het 'n nektardruppel onder in hulle keëltjie. Ander het soet parfuim in hulle blomblaartjies. *Ons* kan nie eens een regte blom, met 'n druppeltjie nektar in sy keël en soet parfuim in sy blaartjies maak nie. Net *God* kan dit doen. So vertel die blomme vir ons dat daar 'n God is.

Ons weet daar is 'n God, omdat ons kan sien wat Hy gedoen het. Ons sien die dinge wat *Hy* gemaak het.

Gesels hieroor:

1. Hoe vertel die son en die maan en die sterre vir jou dat daar 'n God is?
2. Kan jy aan nog dinge dink wat vir jou kan wys dat daar 'n God is?

Die Bybel sê:

“Die hemele vertel die eer van God.”

(Psalm 19:2)

Wat ons kan lees:

Psalm 19:1-7

Wat ons kan sing:

Die wind en die reën
Die maan en die sterre
Die son en die hemel is werke van God.
Hy bestuur die hele wêreld met 'n magtige Hand,
Luister goed na sy woorde,
Sy woorde hou stand.
Kom ons maak ons oë toe en bid tot God.

Gebed:

o God, as ons rondom ons kyk, sien ons U is 'n baie groot God. As ons opkyk na die lug daarbo, vertel die hemele vir ons dat U baie groot is. As ons rondom ons kyk, vertel die voëls en die blomme vir ons hoe wonderlik en groot is U. Dankie Here, dat ons dit kan raaksien. Ons is so klein! Maar ons behoort aan U. En ons weet dat U vir ons sal sorg om Jesus wil. Amen.

Marian Schoolland

© 2018

www.christelikemedia.org

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'
is deur Marianne Bron vertaal.*